11. RAPPORT DEPUTATE ONTVANKLIKHEID VAN BESWAARSKRIFTE (Art 13)

A. Dr JH Howell stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Beswaarskrifte/sake wat vir ontvanklikheid beoordeel moet word

1.1 Beswaarskrifte van GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinodes.
1.2 Saam met 1.1 die versoek van Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal tot ‘n Buitengewone Algemene Sinode (BAS).
1.3 Vyf (5) Beswaarskrifte ingedien deur GK Noordrand oor onderskeie sake.
1.4 Beskrywingspunt van Streeksinode Randvaal rakende die wesentlikheid van die saak van die vrou in die amp al dan nie.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Beoordeling van ontvanklikheid van Beswaarskrifte GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinodes

2.1 *Beoordeling van ontvanklikheid*
2.1.1 Beide Beswaarskrifte word gerig tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word.
2.1.2 Beide Beswaarskrifte is betyds vir opname in die Agenda van die Sinode ingedien.
2.1.3 Die besluit waarteen die Beswaarskrifte ingedien word, word deur beide Beswaarskrifte woordeliks weergegee.
2.1.4 Die gronde waarop die Beswaarskrifte steun, word deur beide Beswaarskrifte duidelik aangetoon.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.4 kennis geneem.

2.2 *Aanbeveling*
Beide hierdie Beswaarskrifte is ontvanklik en word ter tafel geneem vir beoordeling.

Besluit: Goedgekeur.

3. Beoordeling van die versoek van Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal tot ‘n Buitengewone Algemene Sinode (BAS)

3.1 Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal gee hiermee gehoor aan die versoek van Klassis Potchefstroom, nl. om ‘n Buitengewone Algemene Sinode te versoek.
3.2 *Aanbeveling*
Die Sinode neem kennis van hierdie versoek wat aanleiding gegee het tot die sameroeping van die Buitengewone Sinode 2016. In die lig van KO, art 50 het twee of meer Streeksinodes dus besluit om ‘n BAS op te roep.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.

4. Beoordeling van die Vyf (5) Beswaarskrifte ingedien deur GK Noordrand oor onderskeie sake

4.1 *Beoordeling van ontvanklikheid*
4.1.1 Alleen maar die gewone kriteria vir die ontvanklikheid van Beswaarskrifte geld nie in die geval van ‘n BAS by die beoordeling van ontvanklikheid nie.
4.1.2 Die saak/sake waarvoor ‘n BAS opgeroep word, moet deur minstens 2 (twee) Streeksinodes ondersteun word (wat hier nie die geval was nie).
4.1.3 Die BAS is opgeroep met ‘n vasgestelde voorgestelde Agenda. ‘n BAS word dus opgeroep om ‘n beperkte Agenda te behandel en af te handel.

4.1.4 Die BAS is opgeroep deur die twee Streeksinodes (KO, art 50) ter wille van die hantering van besware teen die besluite van Sinode 2015 oor Spesiale Sinodes en om, indien dit sou slaag, die stukke insake die vrou in die besondere dienste in terme van KO, art 30 wat by Sinode 2012 en 2015 op die Agenda was, maar nie behandel en afgehandel is nie, te hanteer.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.4 kennis geneem.

4.2 *Aanbevelings*

4.2.1 Die Beswaarskrifte ingedien deur GK Noordrand is nie ontvanklik nie, aangesien dit nie handel oor die sake (die beperkte Agenda) waarvoor die BAS opgeroep is nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.2.2 Die Beswaarskrifte kan wel tydens ‘n volgende Algemene Sinode ingedien word.

Besluit: Kennis geneem.

5. Beoordeling van Beskrywingspunt van Streeksinode Randvaal rakende die wesentlikheid van die saak van die vrou in die amp al dan nie

5.1 *Beoordeling van ontvanklikheid*

5.1.1 Alleen maar die gewone kriteria vir die ontvanklikheid van Beswaarskrifte/Beskrywingspunte geld nie in die geval van ‘n BAS by die beoordeling van ontvanklikheid nie.

5.1.2 Die saak/sake waarvoor ‘n BAS opgeroep word, moet deur minstens 2 (twee) Streeksinodes ondersteun word (wat hier nie die geval was nie).

5.1.3 Die BAS is opgeroep met ‘n vasgestelde voorgestelde Agenda. ‘n BAS word dus opgeroep om ‘n beperkte Agenda te behandel en af te handel.

5.1.4 Die BAS is opgeroep deur die twee Streeksinodes (KO, art 50) ter wille van die hantering van besware teen die besluite van Sinode 2015 oor Spesiale Sinodes en om, indien dit sou slaag, die stukke insake die vrou in die besondere dienste in terme van KO, art 30 wat by Sinode 2012 en 2015 op die agenda was, maar nie behandel en afgehandel is nie, te hanteer.

Besluit: Punte 5.1.1 tot 5.1.4 kennis geneem.

5.2 *Aanbevelings*

5.2.1 Die Beskrywingspunt ingedien deur Streeksinode Randvaal is nie ontvanklik nie, aangesien dit nie handel oor die sake waarvoor die BAS opgeroep is nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.2.2 Die Beskrywingspunt kan wel tydens ‘n volgende Algemene Sinode ingedien word.

Besluit: Kennis geneem.

6. Samestelling van Deputate

6.1 *Beoordeling van die samestelling van Deputate*

Die Deputate het geoordeel dat dr RM van der Merwe nie impliseer kan word as regter in eie saak by die beoordeling van die ontvanklikheid van die Beswaarskrifte deur GK Noordrand nie, aangesien nie die inhoudelike nie, maar bloot die onvanklikheid van die Beswaarskrifte beoordeel is.

Besluit: Kennis geneem.

6.2 *Aanbeveling*

Die optrede van die Deputate word goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.